AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL 1

JUNIE 2019

GRAAD 12

NASIENRIGLYNE

PUNTE: **70**

TYD: **2 URE**

NASIENRIGLYNE

AFDELING A: LEESBEGRIP

		Barret	Punt
1.1.	Misdaadfiksie	1	1
1.2.	'n Slang staan bakkop as dit jou wil pik/ Bakkop is ook die naam van 'n soort slang.√ Medusa is volgens die Griekse mitologie die slangagtige vrou met slange op haar kop.√ (Albei het dus iets met slange te doen.)	4	2
1.3.	(Beoordeel leerders se antwoorde. Hulle moet die paradoks verklaar in hul antwoord.) Bv. Mensehandel en pedofilie dien hier as vermaning en as lokaas. Dit klink vreemd dat iets kan waarsku, maar dan lesers lok.	4	2
1.4.	Hy was bang dat hy die grense van fatsoenlikheid oorskry het.	1	1
1.5.	Hy dink die skrywer is goed.√ "...ken sy storie"√ (Mag net 3 woorde wees en moet in aanhalingstekens wees)	4	2
1.6.	Hoe pedofiele hul jong slagoffers mak maak. Hoe Facebook ingespan word om slagoffers van enige ouderdom te lok. Die siklus van 'n reeksmoordenaar.	2	3
1.7.	Die resensent beweer dat daar geen onderwerp is wat nog nie aangeraak is in misdaadfiksie nie. Elke skrywer probeer iets skryf wat erger is.	3	2
1.8.	Daar word geïmpliseer dat pedofilie en mensehandel vasgevat kan word.	5	1
1.9.	a. (Kyk na moontlike antwoorde) Bv. dit lok die leser, dit gee ekstra inligting, grafika van slange pas by die genre en onheil. Ens. b. Beoordeel leerder se antwoord. (Die antwoord moet met Ja/nee begin en die motivering tel die punt.)	4	1 1
1.10	In par. 8 sê die resensent dat Schoombie 'n goeie skrywer is√, maar in par.12 noem hy 'n negatiewe eienskap van die skryfstyl wat ons laat dink dat Schoombie nie regtig so goed is nie.√	4	2
1.11	Beoordeel leerders se antwoorde. (Die antwoord moet met 'n ouderdomsbeperking begin. Die leerder kry egter die punt vir sy motivering.)	5	1
			[19]
1.12	Kyk na enige van die volgende bv. Sy oë wat groot gesper is, die maer nek, die hand in die hare, sy verslonsde voorkoms ens.	2	1
1.13	Skisofrenie is as 'n pasiënt meer as een persoonlikheid aanneem en dit sinspeel dan op "twee pasiënte wat behandel word.	4	1
1.14	Progressie vanaf "droom" tot "nagmerries" (Dit word dus erger) / Onskuldige "kaal" progresseer na "vermoor" Die aksie is erger) (Albei die kante moet genoem word vir 2 punte)	2	2
1.15	Dat mense jou sien vir wie jy regtig diep in jou hart is sonder enige skanse.	3	1
1.16	Dat Afrikaners hul eie taal "vermoor" omdat hulle dit nie meer mag praat nie, of nie praat nie.	3	1

1.17	Politici voel skuldig omdat hulle dinge vir mense wegsteek (nie "kaal" is nie) / Politici is besig om Afrikaans as taal dood te maak.	3	1
1.18	(Die antwoord moet in 'n volledige en taalkundige sin wees, anders verloor die leerder 'n punt.) (Kyk na moontlike antwoorde) Bv. Mense voel skuldig omdat hulle hul taal vermoor en dit nie meer mag praat nie.	5	1 1
			[9]
1.19	Albei die tekste handel oor nagmerries / slegte dinge. Albei die tekste handel oor mense wat sielkundige letsels het a.g.v. hul lewe.	3	2
			[2]
			30

AFDELING B: OPSOMMING (10 punte)

Vraag 2

	Aanhaling uit teks		Moontlike bewoording
1	Slegs mense wat tot aksie oorgaan, het die vermoë om hul drome in realiteit te omskep.	A	Omskep jou drome in realiteit deur aksie te neem. (9)
2	Skep bewustelik tyd in die dag om oor jou drome te dink en selfs nog beter, daaroor te gaan sit en skryf. Verander elke detail totdat dit vir jou perfek is.	B	Oordink jou droom daagliks en pas dit aan sodat dit perfek is. (12)
3	…beplanning. Breek jou droom in praktiese stappe af…. wat maklik bereikbaar en doenbaar is.	C	Beplan jou droom deur dit in praktiese stappe af te breek wat bereikbaar is. (14)
4	Probeer dus elke dag drie dinge doen wat jou nader aan jou droom sal bring…. grootste prioriteit vir elke dag	D	Beplan jou dag sodat jy ten minste drie prioriteitsdinge doen wat jou nader aan jou droom sal bring. (18)
5	Maar jy kan wel daar uitkom, selfs al neem dit jou 'n leeftyd – dit ís bereikbaar.	E	*Jou droom is bereikbaar, selfs al neem dit 'n leeftyd. (10)
6	Jy moet minstens een keer 'n maand 'n uur neem om na jou doelwit te kyk… gefokus te bly	F	Bekyk jou droom ten minste een keer per maand om gefokus te bly. (13)
7	As jy egter groot droom en jy slegs die helfte daarvan bereik, bereik jy steeds veel meer as wanneer jy jouself sou beperk het.	G	Droom groot, want selfs al bereik jy net die helfde daarvan, het jy gegroei. (14)

90 woorde
7 punte vir 7 feite
3 punte vir taal en styl

3.1	nag	3	1
3.2	‘n Merrie is die vroulike benaming vir ‘n perd.	3	1
3.3	Nag / me / rie	2	1
3.4	Erftaal. Daar word gewys dat “mare” van Nederlands (N.) kom	2	2
			[5]
4.1	“...kom in aanmerking...”	3	1
4.2	Ashaan Arries sê dat sy verlede nie sy toekoms bepaal nie.	2	1
4.3	geweste	2	1
4.4	eerste	1	1
4.5	Die beletselteken dui aan dat daar woorde van die sin is wat uitgelaat is.	1	1
4.6	Samestellende afleiding	2	1
4.7	Aankoop / opneem (Enige een van die twee)	2	1
4.8	Dit word vir ‘n persoon gegee wat baie lank is.	3	1
4.9	HemelBesem het hom boonop ook onder die vlerk geneem.	3	1
4.10	Onder hul beskerming neem./ hulle hou ‘n ogie oor hom en help hom. Ens.	3	**1**
			[10]
5.1	B**ai**e / v**ui**l (Enige een kan genoem word)	1	1
5.2	(Kyk na moontlike antwoorde) Bv. Mans doen nooit werkies in die huis nie./ Mans sorg net vir hul eie goed. Ens.	2	1
5.3	baie	2	1
5.4	Klankweglating (LW nie assimilasie nie!!!)	1	1
5.5	Silwerskoon (Spelling – een woord)	1	1
5.6	Wees (jou ouers is oorlede) (Moet ‘n verklarende sin wees.)	2	1
5.7	gebroke	2	1
5.8	En derdens...ek gaan **niks** verf **nie**!!	2	1
			[10]
6.1	Jy het ook al oor jou drome gewonder.	2	1
6.2	(Die oortreffende trap is verkeerd) ...mees algemene ... / algemeenste	2	1
6.3	Saamgestelde sin	1	1
6.4	(Kyk na moontlike antwoorde) Bv. Die mens **wat daar loop** het waarskynlik.....	2	1
6.5	“Ek lief jou” (I love you) is die anglisisme . Vervang dit met geskikte Afrikaans bv. Ek is lief vir jou	2	1
6.6	hulpeloos	2	1
6.7	skokbotsinkie	1	1
			[7]
			[30]